



LAERSKOOL GEORGE-SUID

*Welkom in
Gr. 2-7*



Skooltye

Normale tye Gr. 2: 07:30 tot 13:00 (Ma, Wo, Vry)

07:30 tot 14:00 (Di, Don)

Gr. 3: 07:30 tot 13:20 (Ma - Do)

07:30 tot 13:00 (Vry)

Gr. 4-7: 07:30 tot 14:00 (Ma - Do)

07:30 tot 13:00 (Vry)

Wagklas: 13:00 tot 14:00 (Ma - Do)

Toegangshek Gr. 2: Grondslagfase hek, Laingstraat

Gr. 3-4: Fichatstraat hek

Gr. 5-7: Meadestraat hek

Skooldrag

Skooldrag is by De Jagers Uitrusters, Hiberniastraat, George, beskikbaar. Die skoolklerebank hou goeie tweedehandse klere aan en is daaglik vanaf 7:15 tot 9:00 en 13:00 tot 15:00 oop. Alle klere moet duidelik gemerk wees.

Die LGS-oortreklui, -langmoutrui en LGS baadjie word dwarsdeur die jaar gedra.

Gr. 1 - 5 dogters en seuns mag gedurende die 1^{ste} en 4^{de} kwartaal kaalvoet skool toe kom. Gr. 6 seuns mag slegs die 1^{ste} kwartaal kaalvoet skool toe kom.

LGS-baadjie en sporthemp beskikbaar by die Loeriewinkel.

Dogters

Somersdrag: Geel skoolrok, swart skoolskoene met wit sokkies.

Wintersdrag: Geel skoolrok, swart skoolskoene en LGS sweetpakbaadjie met lang, swart kouse/grys sokkies of grys langbroek met wit dashemp en das, swart skoolskoene en grys sokkies.

Lang hare: Slegs swart, wit of geel haarrekkies word toegelaat.

Swemklere: Swart vollyf "Speedo" met swart verpligte swemkappie. Swemspan dra LGS swemkappie.

Seuns

Somersdrag: Grys kortbroek, wit oopslaanhemp, swart skoene en lang, grys sokkies.

Wintersdrag: Grys langbroek, wit dashemp en das, LGS sweetpakbaadjie, swart skoolskoene en grys sokkies.

Swemklere: Swart "Speedo" met swart verpligte swemkappie. Swemspan dra LGS swemkappie.

Sportdrag

Sporthempie- en broekie.

Wedstryddrag: Seuns - LO broek en wit wedstrydhemp en dogters - netbalrompie en wit LGS wedstrydhempie by die Loeriewinkel beskikbaar.

LO drag: Swart LO hempie- en broekie of LGS sweetpakbroek en langmou-sporthemp by Loeriewinkel beskikbaar.

Skooltas

Snapp tas met skoolwapen (2 jaar waarborg) beskikbaar by die Loeriewinkel (R800).

Sport en Kultuur

Somersport: Atletiek, swem, tennis, tweekamp en krieket.

Wintersport: Netbal, rugby en hokkie.

Heeljaar sport: Skaak, gholf, bergfiets en landloop.

Kultuur: Koor, redenaars en dramaklub.

Geen sport sal egter gedurende die eerste twee weke van die jaar plaasvind nie.

Musiekonderrig

Leerders kan op aanvraag getoets word vir musiekaanleg. Leerders mag vanaf Graad 2 vir blokfluitonderrig ingeskryf word indien hy/sy daarvoor kwalifiseer. Beperkte plek is beskikbaar.

Klas-benodigdhede

Graadverwante skryfbehoeftelyste is op aanvraag by kantoor beskikbaar. Saamgestelde pakkette is by Diskonto beskikbaar.

LGS huiswerkboekie - verpligtend (beskikbaar op Karri-toep - R50).

Algemene reëlins

Saalbyeenkomste: Maandae

Geld: LGS streef na 'n kontantvrye omgewing. Laai asseblief die Karri-toep af.

Kommunikasie

LGS het ten doel om ouers te alle tye ingelig te hou oor relevante skoolaangeleenthede. Die skool maak hoofsaaklik gebruik van 'n elektroniese toepassing, D6-Connect.

U word versoek om D6-Connect op u selfoon en rekenaar af te laai om daaglik op hoogte van sake te wees. Die skoolnuusbrief, Loerienuus, verskyn elke tweede week.

Ouerbetrokkenheid

Laerskool George-Suid kon nog altyd op 'n positiewe en betrokke ouerkorps staatmaak. U word uitgenooi om deel van die LGS-Ondersteuners Pro Ludis Culturae te word. Hierdie groep bestaan uit drie komitees wat 'n onmisbare ondersteuningsrol in die sukses van die skool speel.

Finansies

U skoolrekening is maandeliks vooruitbetaalbaar. U eerste betaling is dus reeds in Januarie betaalbaar. Verwys asseblief na die Finansiële Ooreenkoms vir volle besonderhede. U sal u rekening maandeliks elektronies ontvang. Verseker asseblief dat u die korrekte e-posadres aan die skool verskaf. Kontak die skool indien daar enige onduidelikheid is.

Bankbesonderhede

1) LGS Pre-Primêr

Bank: Nedbank George | Takkode: 198 765

Rekeningnommer: 162 653 6767

2) LGS Laerskool Rekeningnommer

Bank: Nedbank George | Takkode: 198 765

Rekeningnommer: 162 603 3560

3) Die Akker Nasorg

Bank: Standardbank George: Lopende rekening

Takkode: 050214 | Rekeningnommer: 281864950

Gebruik asseblief u bestaande verwysing.



TEL: 044 873 3464 Kantoornure *

*(07:30 - 15:30: Ma - Do)

*(07:30 - 14:00: Vry)

WEB: www.lgs.co.za

E-POS: aansoeke@lgs.co.za

ADRES: H/V Laing- & Meadestraat, George-Suid